

Skriflesing: Openbaring 8: 1 - 13Teks: **Openbaring 8: 1, 4-5**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 105:1, 5****TYDENS EREDIENS- Ps. 103:1,6; Ps. 2:2,6; Ps. 103:7,9; Ps. 9:1,4,5****Openbaring 8: 1 -13****Rev 8:1** Toe die Lam die sewende seël oopmaak, het daar stilte in die hemel gekom, omtrent 'n halfuur lank.

Rev 8:2 En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en daar is aan hulle sewe trompette gegee.

Rev 8:3 'n Ander engel het toe gekom en by die altaar gaan staan met 'n goue wierookbak. Daar is baie wierook aan hom gegee om dit saam met die gebede van al die gelowiges op die goue altaar voor die troon te offer.

Rev 8:4 Die rook van die wierook wat deur die engel geoffer is, het saam met die gebede van die gelowiges opgestyg voor God.**Rev 8:5** Toe het die engel die wierookbak geneem, dit met die vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde uitgegooi. Daar het donderslae, dreunings, weerligstrale en 'n aardbewing gekom.

Rev 8:6 Die sewe engele met die sewe trompette het hulle toe gereed gemaak om daarop te blaas.

Rev 8:7 Die eerste engel het op sy trompet geblaas. Daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. 'n Derde van die aarde is verbrand, 'n derde van die bome is verbrand, en al die groen gras is verbrand.

Rev 8:8 Die tweede engel het toe op sy trompet geblaas. Iets soos 'n groot berg wat brand, is in die see gegooi. 'n Derde van die see het bloed geword,

Rev 8:9 'n derde van alles wat in die see lewe, het doodgegaan, en 'n derde van die skepe het vergaan.

Rev 8:10 Toe het die derde engel op sy trompet geblaas. 'n Groot ster wat soos 'n fakkel brand, het van die hemel af geval. Hy het op 'n derde van die riviere en op die waterbronne geval.

Rev 8:11 Die ster se naam is Bitterals. 'n Derde van die water het bitter geword, en baie mense het van die water doodgegaan omdat dit besmet was.

Rev 8:12 Die vierde engel het toe op sy trompet geblaas. 'n Derde van die son en 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre is getref, sodat 'n derde van hulle donker geword het. 'n Derde deel van die dag het nie lig gehad nie, en die nag ook nie.

Rev 8:13 Toe het ek 'n arend hoog in die lug sien vlieg, en ek het hom met 'n harde stem hoor skreeu: "Wee, wee, wee die bewoners van die aarde wanneer die ander drie engele op hulle trompette gaan blaas."

Skriflesing: Openbaring 8: 1 - 13Teks: **Openbaring 8: 1, 4-5**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 105:1, 5****TYDENS EREDIENS- Ps. 103:1,6; Ps. 2:2,6; Ps. 103:7,9; Ps. 9:1,4,5**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, kan u uself dit probeer indink, dit wat stilte is. 'n Stilte wat jou so oorweldig dat jy voel hierdie stilte is vir my net te veel. So dikwels hou ons van stiltes maar daar is 'n tipe van stilte wat jy mag voel dit moet nou ook net verbygaan. Ons het vandag gelees van so 'n stilte wat jy jou dit eintlik nie kan indink nie. Vers 1 het ons gelees- *daar het 'n stilte in die hemel gekom, omtrent 'n halfuur lank*. Dadelik besef ons hierdie stilte is nie net 'n gewone stil wees in die hemel nie. Dis die stilte wat mense baie keer na verwys dat dit is die stilte voor die storm!

Verlede Sondag in Openbaring 7 was daar al die eerste tekens van God bring die aarde binne 'n klimaat van 'n eienaardige stilte as die vier engele op die vier hoeke van die aarde gaan staan en die verskriklike winde wat oor die aarde wil losbreek word in bedwang gehou. God hou dinge

terug, ja God wag nog, God gee nog tyd is hoe ons dit ook mag sien. Daardie eienaardige stilte op aarde het ons by verlede Sondag se doop laat besef God hou die magte van totale verwoesting nog in bedwang want God wil sy Kerk bewaar. Daar is spesifieke opdragte gegee moet nie die land, die see en die bome tref nie (Op 7:2-3). God wou dat sy kinders eers gemerk word, ja u mag vers 3 se einde nie vergeet nie – God wou eers sy kinders verseël. Hulle moes op hulle voorkoppe gemerk kon word. Dit het toe alreeds iets van 'n besondere teken, maar selfs ook iets van die doop vir ons afgebeeld.

Dan vind die groot verseëling plaas. Eers die besondere 12 stamme wat genoem word, uit elke stam 12 000 wat op die einde simbolies by 144 000 uitgekrom het. Ons het verlede week mooi daarna wou kyk. Dan was daar in Openbaring 7 se tweede helfte die grootste genade denkbaar dat Johannes daarna so 'n groot menigte mense gesien het, wat niemand kon tel nie en die troos is hulle is ook almal verseëlde. Mense uit elke stam en taal en volk en nasie het sigbaar geword, maar nog belangriker hulle het hoorbaar geword.

In die geloof is die gehoor op hierdie aarde baie belangriker as die sigbare, dis baie belangriker dat jy sekere dinge duidelik moet kan hoor. As ek daarop wil aandring dat ek eers wil sien voordat ek bereid sal wees om te luister het so 'n mens 'n probleem wat hom/haar met hulle saligheid laat peuter. Want was Openbaring 7 se einde gevul met klanke wat die mooiste kon wees wat niemand jouself kan voorstel nie. Dit was liederen wat gesing word, Psalm na Psalm stel ek my dit voor en alles was gevul met klanke van oorwinning. Die mense wat uit die groot verdrukking kom is hulle wat nie kan ophou om God se lof altyddeur te besing nie. Mense met wit gewaste klere en hulle dien God dag en nag. Openbaring 7 eindig met die mooiste wat daar seker kan wees as ons van Jesus Christus lees, Hy die Lam in die middel van die troon, maar Hy is tegelyk ook herder wat sy kudde na die fontein met lewende water lei en God vee al die tranne af. Dis 'n besondere oorwinning waarmee Openbaring 7 eindig.

Vandag Openbaring 8 en die laaste van die sewe seëls word oopgebreek. Hierdie laaste seël is nie los van die ander ses seëls nie. Tegelyk het Openbaring 8 nie net die laaste van sewe seëls nie maar hier gaan die laaste seël oor in die blaas van trompet. Op die einde gaan daar ook sewe basuine of trompette geblaas word wat elke trompet weereens op baie ingrypende gebeure

wys wat hierdie aarde tot in sy wese raak. Moet ook nie daaraan dink dit is alles dinge wat nog moet gebeur nie. Baie van hierdie dinge is alreeds aan die gebeur. Die trompette word alreeds geblaas.

Alles begin eintlik by daardie halfuur stilte in die hemel. Daarmee breek die sewende seël. Die stilte voor die storm. Hier is wel in die stilte steeds heelwat engele aan die werk. Die sewe engele word op die einde die trompetblasers maar voordat enige geluid van enige trompet gehoor mog word gebeur daar in die teenwoordigheid van 'n agtste engel iets baie buitengewoon. Die engel is tot besondere diens opgeroep want die engel werk met die gebede van God se kinders. Hy maak ons gebede dat dit soos reukwerk na God kan opstyg. Dit gaan nie daarom dat elke gebed mee gewerk word nie, maar daar word met elke kind van God gewerk.

En die engel bring dinge bymekaar wat 'n mens nie kan saamvoeg nie. Ons lees van drie verskillende dinge wat die engel mee besig is. Hy het 'n wierookbak, ons lees hier is besonder baie wierook ter sprake. Ons lees ook hoe die engel gloeiende kole van die hemelse altaar afskep. Ons kan aanvaar die kole wat hier brand is meer as net die kole wat ons op aarde ken, baie warmer! Meer kosbare kole en wierook kan daar nie wees nie, want dan kom die belangrikste deel wat hierdie agtste engel mees moes werk en dit maak hierdie engel se werk so merkwaardig. Hy meng die wierook met die kole en dan word die resep vervolmaak want die gebede van God se kinders word hierdie mengsel ingewerk. Dis so aangrypend wat hier gebeur as ons dit eers begin verstaan!

Die wierook is simbool van die werk wat Jesus doen. Hy is ons Voorspraak, ons Parakleet by ons hemelse Vader. Op grond van die werk wat Hy gedoen het, sy versoeningswerk en die geregtigheid wat Hy op Golgota vir ons by ons hemelse Vader verwerf het, word nou in die simbool van die wierook afgeteken. Die wonderlike is as die wierook met die heilige kole van die hemelse altaar begin brand, ja die kole van God se geregtigheid steek die wierook aan die brand. As die wierook brand word 'n lieflike geur versprei. Alles word tot een geheel saamgevoeg, want die wierook raak gemeng met die gebede van al God se kinders. Dit is dié gebede waarmee gelowiges oor al die eeue, in die grootste verdrukkinge en nood tot God bly nader het. Hoeveel gebede was besig met die vrae van die baie baie siele by die altaar wat vir

God in hfst. 6 bly vra het, hoe lank nog en ook wie sal staande kan bly as die laaste dinge werklik nou die laaste van dinge word.

Gebede, ja ook ons gebede is vir God belangrik. Moet nooit dink om te bid is sinneloos nie, al sal jy dalk nie altyd dadelik die sin en betekenis van jou eie gebede begryp nie, maar vir God is die gebede van sy kinders baie waardevol.

En ons weet elke gebed uit onself gebid is so onvolmaak, so onrein, selfs met sonde besmet daarom dat die kole en die wierook moet daarby gevoeg word. Hoe dikwels bid ons eintlik net om onself, egoïsties, selfgesentreerd, aardsgelig, ja baie gebede en gedagtes is in stryd met God se Woord. Op sigself maak dit dat ons gebede verwerp sou moes word, maar die wierook en die kole wat suiwerend uit die hemelse altaar die gebede insmelt maak die onvolmaakte gebed nou 'n gemaakte gebed. 'n Gebed wat God behaag. God wil na sulke gesuiwerde gebede luister, daarom besef ons sonder die bloed en die offer van Christus, sonder die kole en die wierook sou niemand kon bid nie. Soos goud nie skoon uit die aarde kom nie, kom die goud uit die riwwe rowwe afval na vore. Die afval moet wegsmeel voordat daar net goud kan wees. Daardie gloeiende kole laat ons gebede in die werk van Christus insmelt en word dit vir God 'n aangename geur dit wat die gebede van God se kinders Hom laat hoor. So word ons gebede 'n reukwerk voor die aangesig van God.

Daarom dat ons ook nie anders kan as om die blaas van die trompette biddend aan te hoor nie. Want die agste engel doen iets ingrypend in die oopmaak van die sewende seël. Ons lees in vers 4 dat die rook van die wierook wat deur die engel geoffer is, het saam met die gebede van die gelowiges na God opgestyg. Eers gaan die gebede op maar dan is daar iets verskriklik wat gaan afkom aarde toe. Die engel het die wierook gevat en dit met die vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde uitgegooi. Die luisterende siele, die sugtende siele wat vir so lank so swaar gekry het en hard gebid het dat God se oordele die aarde tog moet tref, hoe wonderlik hulle gebede word verhoor. Hulle wat gevra het hoe lank nog, nou is die tyd, nou sal God sy verseëlde nie in die steek laat nie. Nog nooit het God enige ware kind van Hom in die steek gelaat nie. Hy tree in en Hy tree op! Die gebede is die intrede, die trompette is die optrede!

Die stilte gaan oor in 'n oorverdowende lawaai. Daar het donderslae, dreunings, weerligstrale en aardbewings gekom, staan in vers 5. En die agste engel staan terug want die ander sewe gaan nou optree. Elke engel met 'n trompet en daar gaan sewe keer geblaas word. God wat die asem die mens in die begin in die neus ingeblaas het, God se engele sit die asem werk voort, maar dit gaan nie nou om 'n blaas wat die lewe inblaas nie, die aarde word al meer iets van 'n liggaam wat besig is om sy lewe uit te blaas!

Die eerste engel het geblaas en daar het vuur en hael gemeng, dit raak gemeng met bloed en dit val op die aarde. Ons lees 'n derde van die aarde is verbrand, ook die bome wat in hoofstuk 7 beskerm moes word, brand nou! Al die groen gras is verbrand. Hierdie eerste trompet wys op rampe wat die aarde tref. Onthou Openbaring werk altyd met die tyd tussen Christus se hemelvaart en sy finale koms, sy wederkoms. Hierdie is nie dinge wat nog gaan gebeur nie, dis alles dinge wat reeds aan die gebeur is, maar die intensiteit en die omvang van dinge wat reeds gebeur word al sterker, al duideliker al hoe meer ingrypend. Orkane en vuur wat uit die berge spring is nie ongekend nie, so weet ons in hierdie weke het daar weer vulkane en vulkaniese as elders in die wêreld mense so van die wêreld afgesny dat noodhulp en noodvoorrade uit Australië na die daardie mense gestuur moes word.

Ons dink dikwels aan die plaë wat Egipte getref het as iets uit die verre verlede, dit kan ons nie regtig raak nie. Dink maar weer dat die plaë tref ook die moderne wêreld. 'n Derde deel van die natuur word al meer beskadig; die planete weet ons nie eers mooi wat daarop aangaan nie, ons wonder nog oor is en was daar lewe op die planeet die naaste aan ons nl. Mars. Dis nie iets waarvoor God wonder nie. God se teenwoordigheid in die hele skepping, in die heelal word al duideliker. Die mense wat die ruimte bestudeer het in hierdie week, vir hulle, 'n baie snaakse voorwerp begin waarneem wat klink my radioaktiewe bestraling bevat. Ons wonder nog daarvoor maar Openbaring praat al lankal daarvoor.

Stelselmatig gebeur die dinge. Ook met die blaas van die tweede trompet. Dit lyk vir Johannes soos 'n groot massale voorwerp wat die see tref. Johannes beskryf dit as 'n groot vuurspuwende berg val in die see en dit brand met vuur en die see kry dit nie uitgeblus nie. Een derde van die

see word bloed en een derde van alles wat in die see lewe gaan dood en die mense op hulle bote en skepe, ook 'n een derde van hulle word nie gespaar nie.

Sien u die verbande broeder en suster, eers word die aarde, ja verskillende lande en kontinente word getref. By die blaas van die eerste basuin is die droë grond ter sprake. Land en see word getref en dit om die mens te waarsku. Ons weet hoe tsunami's die wêreld tref, waar golwe die aarde inspoel en wegvreet. Mense moet voor die vloed van baie waters wegvlug en tog sterf so baie in die laaste jare wat ons van al hoe meer tsunami's begin hoor het.

Dan blaas die volgende engel sy trompet. En hier sien ons nie die seewater wat getref word nie, maar die aarde se varswater-bronne word getref. 'n Brandende ster kom soos 'n fakkel op een derde van die aarde se varswater-bronne neer. Die riviere en waterfonteine word bitter. Die ster wat val kry selfs 'n naam, hy word genoem Bitterals. Dan lees ons die berig asof dit net sowel in Suid-Afrika geskryf staan hoe ons riviere en fonteine al hoe meer besoedel raak. Rondom Postmasburg is ons water-situasie een groot stinkende damp. Op hierdie oomblik is die derde trompet nie los te maak van hierdie dorp nie! Ons vlei roep dit uit! Ons asem dit elke dag in dit wat hierdie trompet uitblaas. In Openbaring lees ons van sterwende mense omdat hulle drinkwater nie meer vars is nie. Vers 11 staan baie mense het van die water doodgegaan omdat dit besmet was.

Dan blaas die vierde trompet voordat ons DV oor 2 weke kan oorgaan na die vyfde trompet wat 'n nuwe hoofstuk inlei. In die vierde trompet kom die prentjie van aardverwarming en ons weerstelsels ook na vore. Een derde van die son en dit wat hitte en die weerstelsels raak word geaffekteer. Dinge funksioneer net nie heeltemal normaal soos wat daar vir baie eeue geglo is dit is wat ons normaal noem nie. Oor wat is normaal het ek natuurlik ook maar nog altyd weer my eie vrae moet oorhou. Tog is dit duidelik dat aardverwarming en die siklone en weerstelsels praat met ons in hierdie vierde trompetgeskal. Die mense wat nie wil hoor nie, die mense wat hulle aan die tekens van die tye nie wil steur nie, soos Jesus ook in sy profetiese redes gewaarsku het, moet mooi luister. Ons moet weet dinge op die droë grond, op die see, in die lieflikste van fonteine word lelik omdat daar baie sondige mense is wat graag net al meer wil sondig.

Ons sluit af met die oortuiging baie van die dinge, ja ek wil selfs sê die meeste van die dinge wat die trompette aanblaas is reeds aan die gebeur. Steeds het ons baie vrae om te vra, baie onsekerheid wat ons nie sal kan uitpluis nie. Daar is groot dinge in Openbaring aan die gebeur wat ons klein verstandjies moeilik by kan uitkom. Al verstaan ons nie altyd nie, moet ons tog ook die feite soos die trompette die een na die ander blaas nie verbykyk nie. Laat ons die feite raaksien dat wanneer die dinge gebeur ons dit wel te wagte sal wees en dit wel in 'n mate verstaan.

U sal agterkom as ons weer Openbaring oor 2 weke mag oopmaak, dat voordat die vyfde trompet sou blaas was daar eers weer 'n onderbreking. Johannes sien 'n arend hoog in die lug invlieg en die arend het 'n stem en hy skreeu- *“Wee, wee, wee die bewoners van die aarde wanneer die ander drie engele op hulle trompette gaan blaas.”* Die ergste kom dan nog. Ons besef die eerste vier trompette het maar aan die oppervlak van dinge geraak, die liggaamlike, die fisiese wêreld, ja die baie sigbare dele van ons lewe. Dit beskryf die liggaamlike pyniging van die ongelowige wêreld, maar as die vyfde engel gaan blaas dan word die geestelike wêreld, dit wat bestaan maar ten diepste vir die oë nie sigbaar is nie, daar waar die sielkunde en depressies en jou diepste worstelinge, die dinge van jou binnewêreld, waarom so baie mense al selfmoord gepleeg het, iets van die binnewêreld word dan die buitewêreld ingedra. Dit raak die nog moeiliker vrae van die lewe. Die geestelike pyne van die lewe word die groter sake as net die oppervlakkige liggaamlike seer wat ons in die sigbare skepping en hier rondom ons kan sien.

Vandag is ons troos, die Here sê hierdie dinge vir ons dat dit ons nie moet oorval nie. Ons kan in Christus hierna kyk, watter troos is dit nie?! En onthou dit waarmee ons vandag begin het, is waarmee ons alleen hierdie dinge tegemoet kan gaan. Ons kan bid.

Jou en my gebed word die reukwerk wat in Christus se verdienste gehoor word. Christus se werk is soos 'n skottel wat jou gebede opvang en as Christus jou gebede in die kole van God se geregtigheid inwerk dan is dit vir God 'n aangename geur, die wierook van die Heilige Gees raak gemeng met ons gebede. Tog die skottel wat omgekeer word, is God se genade wat dan ook hierdie wêreld gaan omkeer soos die trompette begin blaas.

AMEN